


SUID-AFRIKA SPREEK TOT DIE WERELD

vaderlandsliefde of kultuurbewustheid van die Afrikaners volbring kon word, is bewys van die kerngesondheid van die Afrikaanse idee en die

deur

J. F. MARAIS



Uitsaa-huis, die hoofkwartier van die radio-wese in Suid-Afrika.

Afrikaans Bestryk Die Ganse Aardbol

WOENSDAGOGGEND het die kortgolfsenders op Robertshoogte en Klipheuwel Afrikaans gevoeg by die klein aantal bevoorregte talle wat in alle dele van die wêreld gehoor kan word. Sy voorgangers was, van oos na wes, Japans, Russies, Nederlands, Duits, Italiaans, Frans, Engels, Spaans en Portugees. Afrikaans, die jongste selfstandige taal van die wêreld, is die tiende taal wat deur sulke sterk senders uitgestuur word dat dit rondom die aardbol gehoor kan word. En wat programme betref, kan daarmee net Duits, Italiaans, Frans en Engels vergelyk word. Die ander word slegs enkele ure per dag in kortgolfsuistendings buitekant die grense van daardie lande gehoor.

En vanaf daardie dag, 1 Desember, kan die Afrikaners in die Unie elke dag na 'n Afrikaanse program van tien uur per dag uit die suide en na een van 7½ uur uit die noorde luister. Die eerste maal ook bestryk die Suid-Afrikaanse radio die gebied van Suidwes-Afrika, Rhodesië en Kenia (en moontlik Argentinië). 'n Jaar gelede het die Unie-Afrikaners altesame sowat drie uur Afrikaanse programme per week gehoor, teenoor die 17½ uur per dag wat tans beskikbaar is. Noord-Kaapland, die noordwestelike distrikte en Noord-Transvaal het nog nooit goeie opvangs van Suid-Afrikaanse uitsendings gehad nie, om van Suidwes en die res van Afrika nie eens te praat nie. Vandag word Klipheuwel teen volle sterkte in Windhoek gehoor, en Robertshoogte behoort nog beter aldaar opgevang te word.

Indien dit blyk dat Holland goeie opvangs kry van Robertshoogte, sal regstreekse heruitsendings van Afrikaanse programme aldaar vir die eerste maal moontlik wees. Die kontak tussen Nederland en die Afrikaners sal dan plotseling voldonge wees nadat jare lank tevergeefs getrag is om die verbinding op ander maniere heg te hou. Onmoontlik is dit glad nie, want selfs Klipheuwel, wat moet onderdoen aan Robertshoogte wat

sterkte van sein betref, word gereeld in die Verenigde State (hoofsaaklik die weskus) opgevang en die Korporasie het ook gunstige berigte uit Engeland ontvang.

Hoewel ons voorlopig nie daaraan kan dink om ons oë op die buiteland te rig nie omdat binne ons grense soveel werk gedoen moet word, is Afrikaans nietemin in staat om nou die hele aardbol te bestryk.

Binne Suid-Afrika het Afrikaans met die nuwe ontwikkeling 'n selfstandige radio-taal geword. Die gedagte dat dit as 'n kuriositeit êrens afgekamp moet word met 'n etiket



DIE SKRYWER

om die halsie, het in die radio verdwyn soos dit al in soveel ander afdelings van die openbare lewe verdwyn het. Dit beteken vir die prestige van 'n jong taal soos hierdie meer as duisend welsprekende redevoerings. En die feit dat die uitbreiding van drie uur per week tot sewentien uur per dag sonder enige opvlamming van rassehaat of enige beroep op die

rykdom van sy werklake kultuur. Maar daar is ook nog ander onsigbare voordele aan die nuwe ontwikkeling verbode wat die gewone Afrikaanse luisteraar moontlik nie raaksien nie. Dit gee die radiopersoneel vir die eerste maal die geleentheid om 'n suiwer diens te organiseer wat direk met die Afrikaanse bodem verband hou en nie vertaalde Engels is nie; dit maak 'n eie Suid-Afrikaanse radiowese moontlik; dit gee 'n stabiliteit aan die Afrikaanse radioberoep wat dit met die happies en brokkies in die Engelse programme nooit kon verkry het nie; en dit skep 'n afsetgebied vir Afrikaanse skrywers en kunstenaars wat die suiwer Afrikaanse kuns wel te stade sal kom. Naas en saam met die Afrikaanslesende publiek stel die radio nou die Afrikaans-luisterende publiek. Die invloed van die taal word nou meer as verdubbel. Die voordele is dus legio. Nadels ontbreek egter ook nie. Daar is ver-

(Vervolg op bladsy 43)

VERBASENDE KOPIES WONDERLIKE DIAMANTRINGE

PRAGTIG ! GLINSTEREND !! ONOORTREFFBAAR !!!
Geset in Soliede Goud van 18 kt



384 B
Die allerjongste diamant ringe. Beste waarde ooit aangebied. Honderd nuwe ontwerpe voorradig.
Nou slegs £14
Ander £9 tot £25.




470 B
Gedrewe Trouwing 9 kt., 25/-
Ander 22/6, 30/-, 42/-
18 kt., 37/6.
Ander 35/-, 42/-, 63/- tot £5/5/-



4140 B
Sylo-diamantringe
Slegs £7/7/-
Ander £5/5/-, £6/15/-, £8/8/-



W949B. Europa se jongste ontwerp. Dik Oorgeblaaide Goud van 18 kt. 15 Juwele—Skokvas. Verskillende fatsuene. Slegs £3/15/-
Ander 50/-, 65/-, 84/-, 95/- en £5/17/6.
Soliede Goud £5/5/-, £6/15/-, £7/15/-
Onvlekbare Chroomsilwer 50/-, 70/-, 90/-, £5/5/-



NW- Wonderlike Union Special. 18 Juwele. dik onvlekbare Chroomsilwer. Nou slegs 35/-
Ander 21/-, 30/-, 45/-, 63/-, 75/-
Dik Oorgeblaaide Goud van 18 kt., slegs 50/-
Ander 35/-, 63/-, 84/-, 105/-
Soliede Goud £4/4/-, £5/5/- tot £6/10/-
Gewaarborg vir 'n leeftyd.



Die Wêreld se Sterkste Horlosie. Meer as 25,000 reeds verkoop.

No. 2051. Die Wêreldberoemde „Union Special“-spoorweg- en -toerhorlosie. Spesiaal vervaardig vir Suid-Afrikaanse toestande. Skroef Agter en Voor toe. Bestand teen klantheid en stof. Nuwe verbeterde beweging. Volle getal juwele. Volmaakte tydaangelyk. Skrifteelk ge- waarborg vir 30 jaar. Nou slegs 30/- Met spesiale skokvaste beweging. Nou slegs 37/6. 50/-

GRATIS met elke Union Special'-sakhorlosie wat u koop, hierdie EGTE ALPACCA-SILWER horlosie-ketting.

Verligte Wysterplaat 2/6 ekstra

SLEGS 30/-

SLEGS 30/-

KUNSVOLLE ONTWERPE DIE ALLERJONGSTE!



9426 B
Pragtig! Egte Enemmel en Soliede Goud. Dik. 9 kt. 42/-

Ander £2/15/- en £3/10/-
Dik. 18 kt., 63/-, Ander £3/15/- en £6/6/- Met Egte Diamant. 7/6, 15/- en 20/- ekstra.



9000 B
Dik. 9 kt., 14/6, 18/6, 25/-, 35/- en 42/-
Dik. 18 kt., 27/6, 37/6, 50/-, 63/- en 95/-
Met egte diamant. 7/6, 10/6, 15/- ekstra.

AMERICAN SWISS WATCH CO. LTD.

Enige artikel word K.B.A. gestuur. Almal se Juweliers. Groot- en Kleinhandel. „DIE DIAMANTWINKEL.“ PARLEMENTSTRAAT 25, H/v Langmarkstraat, KAAPSTAD.

oort in Suid-Afrika voortgebring, 15,000 kopies, volledig ge-illustreer, meer as 100 bladsye.

AMERICAN SWISS WATCH CO., LTD., POSBUS 649, KAAPSTAD.

NAAM _____
ADRES _____

woordig. Dit is d'e noodraaklikste en ook die moeilikste deel van die programopstellers se taak. Dit kan alleen met die medewerking van die boeregemeenskap self gedoen word.

Die kwessie van Afrikaanse musiek is 'n doring in die vlees van menige luisteraar: by een deel omdat dit wel uitgesaai word, by die ander omdat te min daarvan uitgesaai word. Die oplossing skyn te wees om dit in verskeie vorme te sit, dan is albei groepe tevrede; maar prakties is dit nogal moeilik, omdat min musici in Suid-Afrika die bekwaamheid of die lus daartoe het om die mooi volks-wysies en dansmusiek in 'n aanneemliker vorm te giet. Ek is egter seker dat daar geleidelik verbetering sal kom, en die vordering wat gemaak

AFRIKAANS EN RADIO

(Vervolg van bladsy 43)

word, sal elke Saterdagmiddag tussen nege-uur en tienuur in die program van Robertshoogte weerspieël word. Dit is die Afrikaanse dansuur.

Vir die gerief van die oningewyde luisteraars moet ek nog vermeld dat Robertshoogte die vroeë-oggenddiens sal uitsaai maar dan nie weer voor twaalf-uur (middag) sal begin nie. Dit is 'n regeringstasie en het ook ander werk te verrig. Daarom sal dit

in die namiddag ook nie voor vyf-uur gehoor word nie, en voorlopig sal daar Sondagoggende geen kerkdienste deur Robertshoogte uitgesaai kan word nie. Die stasie sal eers om drie-uur in die middag begin.


Saans om 10.15 neem Robertshoogte Johannesburg se Engelse dansprogramme ook oor, sodat die Afrikaanse diens reeds om 10.15 afsluit teen water tyd daar blykens die referendum

'n baie geringe aantal Afrikaanse luisteraars voor die opvangtoestel sit. Jazz-musiek word dan uitgesaai, en om daarby Afrikaanse aankondigings te gaan plaas, sal dieselfde uitwerking as olie op water hê. Die Afrikaanse programme beslaan derhalwe sowat 7½ uur per dag.

Alles dus in aanmerking genome, is daar genoeg rede om die nuwe jaar met 'n groot mate van optimisme en tevredenheid tegemoet te gaan. Die Afrikaner het 'n totaal nuwe veld binnegetree: mag die toekoms bewys dat hy daar ook sy aanspraak kan regverdig.

NET 'N SEKOND

Selfs die nederige sekond het sy belangrikheid. En wanneer 'n sekond lewe of dood... die wen van 'n wedstryd of verloor van 'n kontrak beteken... het u 'n CYMA nodig... u waarborg van presiesheid te alle tye.



IN VOORRAAD GEHOUD
DEUR ALLE VOORAAN-
STAANDE JUWELIERS

CYMA

Warner's

„Le Gant”

Koel soos 'n Windjie
uit die Poolstreke!

Lugtige volle — sterk, stewig, duursaam — word in hierdie nommertjie gebruik. Dit sal die heupe en maag stewig en plat hou — en is tog wonderlik koel. Rekker by heup en middelstuk voor vir gerief, goed-weggesnyde onderkant voor vir gerief.

Moenie toelaat dat u figuur hierdie somer verwaarloos nie hou dit mooi met 'n lugverkoelde gordel soos hierdie.

'n Koel Warner's „Bra” sal saggies die buuste rond en ophig in sy jeugdighe lyn.

TE KOOP IN ELKE STAD EN DORP

Navrae aan:

GEBRS. WARNER SE VERTEENWOORDIGER
POSBUS 2641 KAAPSTAD



DIT IS KLEIN PLOOITJES EN VERGROTE PORIEË WAT HIERDIE VERSKIL MAAK

Vind uit hoe om hulle met hierdie opwekkende behandeling vir die ONDERSTE VEL weg te hou

U IS TWINTIG... u is vyf-en-twintig... u is dertig of ouer! Die dinge wat dit aan die wêreld openbaar, is — klein plooitjies en porieë wat geleidelik groter word.

Albei word veroorsaak deur 'n trae, onderste vel. Porieë word groter sodra die oliekliertjies onder u vel verstop raak. Plooië verskyn sodra die veseltjies onder u vel slap en swak word.

Om hierdie kliertjies en veseltjies behoorlik aan die werk te hou, moet u daardie onderste vel opwek. U kan dit doen — met Pond se behandeling vir die onderste vel. Honderde vrouens volg dit —

Elke aand, tik van Pond se Koelpomade in om vuiligheid, rooisel, ens. los te maak. Vee al. Tik nog meer van die pomade vinnig in. Die bloedsomloop verbeter. Klier-



Lady Elisabeth Murray

„Pond se behandeling verdryf plooitjies, voorkom vergrote porieë. Ek gebruik altoos Pond se Koelpomade om rooisel, ens. te verwyder.”

tjies word bedrywig. Weefsels word versterk. U vel word lewendig!

Elke oggend (en voor u grimeer) herhaal... U vel is glad vir poeier — fris, lewendig.

Elke dag en elke aand — wek u vel met Pond se Koelpomade op. Die onderste weefsels word gou sterker. Plooië verdwyn. Porieë word kleiner. U lyk jare jonger!



Pond se Koelpomade reinig diep, versterk die onderste vel.

Pryse: Potjies 1/6 tot 3/4, Buisies 9d. tot 1/6.

MONSTERAANBOD: Pos koepon met 3d. aan seels vir posgeld vir monsters van Pond se Twee Pomades en Pond se Gesigpoeier. □ Ek verkies 3 verskillende ligte skakerings van die poeier. □ Ek verkies 3 verskillende donker skakerings. A. J. North en Kie., Bpk. Posbus 1610, Kaapstad.

Naam.....
Adres.....

(PB9)

skil van mening oor die uitwerking wat hierdie gedeeltelike afskeiding van Engels en Afrikaans op die volk as geheel sal hê, en op hierdie stadium kan nie eens voorspel word wat die posisie oor tien jaar sal wees nie. Indien die afskeiding volkome was, sou mens met sekerheid kon gesê het dat dit die verwydering van die twee volksgroepe in die hand sou gewerk het. Die bitterheid tussen die Franse en Vlaminge in België moet teenswoordig deels aan die algehele segregasie van die Vlaamse en Franse radio gewyt word. In die organisasie self wat albei beheer, is die nuywer en wrywing so erg dat die sentrale beheer al hoe meer in twee afdelings verdeel word. In Holland sit die verskillende organisasies (met dieselfde taalmedium!) gedurig met die vuiste onder mekaar se neuse. En die oorsaak daarvan is eenvoudig: segregasie in 'n nasionale diens wat almal gelyklik behoort te bedien.

Hoe dit ook sy, ons het nog op verre na geen volkome segregasie in die Unie nie, en die beleid van die Radio-korporasie is ook nie om so iets in die hand te werk nie. Maar die natuurlike, menslike neiging, by luisteraar sowel as by amptenaar, is om af te skei, verder van mekaar af te dryf. Die volgende paar jaar sal wys op die Korporasie daardie natuurlike neiging die hoof kan bied.

Hier kan die geval van Kanada, 'n veel groter land met 'n baie groter bevolking as die Unie, nog genoem word. Kanada, België, Holland en Suid-Afrika verskaf die vernaamste voorbeelde van seksionele radiodienste. In België en Holland is dit volslae (en rampspoedige) mislukings. In Kanada word Frans en Engels in die programme gemeng en die Korporasie aldaar het hom beslis teen afskeiding gekant verklaar, hoewel die tegniese moelikhede daar gering is, omdat die Franse bepaalde streke bewoon en die Engelse geografies ook 'n aparte eenheid vorm. Suid-Afrika daarenteen verkeer min of meer op die kruispad, en mens kan nie help om te voel dat sy uiteindelijke radiobeleid baie daartoe sal bydra om die toekoms van die volk as geheel te bepaal nie.

Saam met hierdie teoretiese moelikhede hang 'n heeltemal praktiese oorweging saam. Enkel Afrikaanse programme oor Robertshoogte en Klipheuwel sal goeie opvangs maar geen Engelse woord gee aan baie plattelandse Engelssprekendes, veral in die buurt van Kimberley, Oos-Londen, Port Elizabeth en Suidwes. Tegelykertyd sal Afrikaners met swak toestelle in die stede waar elektriese verstoringe hinderlik is, liefs na die mediumgolfsenders wil luister en dus net Engels hoor. As daar dus algehele segregasie is, sal die minderhede op die platteland en in die stede honderd persent veronreg word. Die antwoord daarop is natuurlik: plaas 'n Afrikaanse stasie naas elke bestaande Engelse stasie. Maar dit sal ten beste verskeie jare duur om dit tot stand te bring, en dan slegs as die Korporasie soveel geld kan spandeer om die bestaande diens te verdubbel terwyl groot streke van die land nog glad geen behoorlike opvangs het nie. Dan het ons 'n toestand waarin die stedelinge dubbele dienste het en die platteland weinig of niks. En veel erger nog, die stedelinge sal 'n keuse van taal hê maar nog glad geen keuse van programme nie — 'n vry hopelose situasie vir 'n organisasie wat hoofsaaklik vermaaklikheid en afleiding wil verskaf.

Die gesaghebbende mening is dus dat dit veel beter is om 'n diens te gee waarin die tale gemeng is en om die hele land behoorlik met dié enkelvoudige diens te dek as om 'n dubbele diens vir die stedelinge te gee wat reeds al die vermaaklikheidsgeriewe besit.

Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein en Grahamstad se uitsenders sal derhalwe 'n deel van die Afrikaanse programme oorneem onderwyl die kortgolfsender van Robertshoogte op 31.5 meter 'n deel van die Engelse programme dra. Daaglik word ook die vroeë-oggenddiens, die landbou-program om 2 n.m. en die jeugprogramme om 5.15 n.m. in albei tale met tweetalige aankondiging oor albei golflengtes behou. Voorts sal Afrikaans oor die Johannesburgse stasie elke Vrydagaand van agtuur tot tienuur gehoor word, met 'n Engelse program oor Robertshoogte. Twee Afrikaanse kerkdienste sal ook elke maand deur Johannesburg uitgesaai word, en twee Engelse dienste deur

AFRIKAANS EN RADIO

(Vervolg van bladsy 25)

Robertshoogte. Dit maak min of meer die hoeveelheid Afrikaans uit wat die mediumgolfstasies sal uitsaai.

Die nuusdienste word nie herhaal nie. Robertshoogte saai Afrikaanse nuus uit en Johannesburg die Engelse. Maar ook hier trag die Korporasie om die minderheid tegemoet te kom, en om kwart-voor-agt in die aand word 'n volledige opsomming van al die nuus van die vorige etmaal in Afrikaans deur Johannesburg uitgesaai, en 'n soortgelyke opsomming in Engels kan weer om 10.15 n.m. oor Robertshoogte opgevang word.

Op hierdie wyse word die beleid van die Korporasie prakties toegepas. Of dit al die amateur-kritici tevrede sal stel, is twyfelagtig, want daar is seker geen ander onderwerp in die lug of onder die waters onder die aarde waaroor almal met soveel gesag kan praat as die radio nie. Sels hoofartike'skrywers beskou dit as 'n vrugbare veld waaruit altyd 'n subartikel losgeslaan kan word as alle ander onderwerpe hulle in die steek laat. Want hoe doller die kritiek, des te skraler die gevaar dat die radio-owerheid dit sal probeer weerlê.

Gelukkig is die Afrikaanse pers en die Afrikaanse publiek feitlik heeltemal vry van dié mode.

En nou dat ek van die publiek praat, moet ek in die verbygaan meld dat dit in alle beskeidenheid die ideaal van die Afrikaanse programdiens is om 'n volksdiens te lewer—'n program net soveel van en deur die volk as vir die volk. Met ander woorde, die doel is om die Afrikaanse luisteraars te laat voel dat dit hul eie diens is en nie iets wat met geweld op hulle afgedwing word deur programdirektors nie. Dit kan langs baie weë bewerkstellig word, maar die eerste vereiste is dat die luisteraar intelligent belangstel in sy radiodienste en soveel moontlik sy wense aan die bestuur bekendmaak, sodat dié in voeling met die publiek kan bly. Die Korporasie se strewende is ook om soveel moontlik die platteland en die plaaslewe in die programme te verteenwoordig (Vervolg op bladsy 40)

VREDE en GERIEF
op warm bedompige dae
ASPRO
VERSKAF DIT!

Warm, drukkende dae veroorsaak prikkelbaarheid, ongemak en slaaplose nagte. ASPRO' besorg 'n goeie nagrus aan diegene wat nie kan slaap nie, want ASPRO' is die allerbeste teengif wat nog ooit aan die wêreld gegee is, teen slaaploosheid. Op die warmste dag sal ASPRO'-tablettjies 'n verfrissende slaap besorg. Hulle streef die gevoel van ongemak weg. Daarbenewens verban ASPRO' hoofpyn as gevolg van sonvernis ASPRO' die ideale middel in warm weer. altyd 'n pakkie by u het. U sal daar nooit

blinding, gou en doeltreffend. Daarom Waar u ook al gaan, sorg dat u spyt van kry nie.

ALLE NAWEEKHOUDERS BEHOORT ASPRO' INTENEEM want dit is die ideale middel in geval van nood-

Lees hierdie briewe:—

ASPRO' SLAAG WAAR ANDER MEDISYNE MISLUK

Bethulie, O.V.S.
Waarde Here, — Dit is my 'n groot genoë om u te skryf watter hulp ek by ASPRO' gevind het. Ek was altyd gepla met 'n verskriklike hoofpyn, en ek kan u die verskeie jare dat ek binne 5 minute nadat ek 2 tablettjies ingeneem het, heeltemal ontslae daarvan was, waar geen ander nog geslaag het nie.

Die uwe, J. H. B.

ASPRO' TAS NIE DIE HART AAN NIE.

ASPRO'
AS 'N GORRELMIDDEL
Twee ASPRO'-tablettjies in vier oetlopak water vorm 'n uitstekende gorrelmiddel vir soerheel, mangelontsteking en werk as 'n voorbehoedmiddel.

ASPRO (No. 401)
REGTRADE MARK

VERBAN PYN, STREEL DIE SENUWEES VERSEKER 'N GOEIE NAGRUS

1230 Markstraat, Capital Park, Pretoria.
Howard Lambert (Pty.) Ltd., Johannesburg.

Waarde Here, — Ek voel ek moet u vertel watter baat ek by ASPRO' gevind het. Dit verdrywe pyn vinnig en sag, en vir slaaploosheid is dit uitstekend daar dit die senuwees kalmeer en sodoende 'n rustige nagrus veroorsaak.

Baie dankie vir so 'n waardevolle middel.

Die uwe, Mej. A. MEYER.

MIGRAINE OORWIN PRIKKELBAARHEID VERBAN NAGRUS VOLG

Komspruit, O.V.S.
Howard Lambert (Pty.) Ltd., Johannesburg.

Waarde Here, — Met dank het ek dié ASPRO'-tablette ontvang. Ek kan u verseker dat hulle nog die beste is wat ek al ooit gebruik het. Ek is 'n lyer aan daardie vreeslike aandoening wat migraïne genoem word. Die gevolge van hierdie aandoening is prikkelbaarheid in die ergste mate en 'n hewige hoofpyn. Na twee ASPRO's vir vyf minute ingeneem is, bedaar die hoofpyn om later totaal te verdwyn; die prikkelbaarheid maak plek vir 'n sagte, aangename streling oor die hele liggaam, en dan voel ek weer lus vir die lewe. ASPRO' ken geen slegte nagevolge nie. Vir slaaploosheid is dit ongewoen omdat dit die gespanne senuwees kalmeer en die slaaplose saggies in die Land van Drome voer.

Hoogagtend, die uwe, J. F. de B.

Enigste Distribueerders vir Suid-Afrika:
HOWARD LAMBERT (PTY.) LTD., DE VILLIERSSTRAAT 6, JOHANNESBURG.

Gemaak in Suid-Afrika deur NICHOLAS (Suid-Afrika) (Edms.) Bpk.

ONS VOORSIEN NIE REGSTREEKS NIE — VRA U PLAASLIKE APTEKER OF WINKELIER OM ASPRO' PROBEER ASPRO' TEEN

- | | | |
|---------------|--------------------|----------------|
| INFLUENSA | LENDEPYN | TANDPYN |
| HOOPFYN | PRIKKELBAARHEID | RUMATIEK |
| SLAAPLOOSHEID | HEID | NAGEVOLGE VAN |
| SINKINGS | SENUWEE-ONTSTEKING | STERK DRANK |
| HEUPJIG | HOOKOORS | PYN WAARAAN |
| JIG | SENUWEESEKOK | VROUENS LY |
| VERKOENTHEID | | SONKOORS, ASMA |

PRYSE WAT ALMAL 9^d 1'9 3'6
KAN BEKOSTIG